Die Christelike Vrou
Amptelike mondstuk van die NHSV
Hannelie Botha (redakteur), Thea van Rooyen, Annerie Conradie, Danie Smith, Elize Jones, Sonette Benson, Ina Jansen van Vuren
diechristelikevrou@gmail.com Posbus 111, Worcester 6849 www.nhsv.org.za

Blommekyk in die Biedouw

Hannelie Botha

(Geplaas met die toestemming van die redaksie van *Die Wingerdstok*, gemeenteblad van Gemeente Worcester)

Wanneer Kersfees naderkom, loop ons gedagtes in sekere rigtings. Geskenke is een daarvan – dit wat ons vir mekaar gee. Behalwe dat God vir ons Die Grootste Geskenk gegee het, gee Hy elke dag allerhande geskenke…

Ons het nie gegaan spesifiek om blomme te kyk nie. Tog het ons gehoop ons sien wel die voorheen dorre landskap wat omgetower is, maar die droogte wat die Wes-Kaap die laaste maande in sy greep het, het ook sy tol op die blomme geëis.

Ons het so 60 km anderkant Clanwilliam op 'n plaas gaan kuier en het gehoop om die veldblommeskou op die dorp te gaan bywoon. Toe lees ek die week vantevore dat die skou gekanselleer is weens die droogte...

Die heerlike stilte op die plaas was en is elke keer helend vir die siel. Daar was selfs (anders as vantevore!) water in die riviertjie/stroompie wat voor die huisie verby geloop het. Ek het dit eers nie gesien nie, maar die eerste aand die paddas gehoor en besef daar moet water wees!

Soos 'n mens mos maar maak as jy gaan blomme kyk, vra jy die plaaslike mense waar die blomme is. Ons gasvrou sê toe hierdie jaar is daar regtig niks! Haar agtjarige dogtertjie wat langs ons gestaan het, sê toe *maar daar IS blomme!* Ons besef toe net weer dat die oë (en die hart) van 'n kind soms meer detail en mooi raaksien as ons grootmense wat so vasgevang raak in die sorge van die lewe.

En ja, dit is wel so dat die dorre landskap maar steeds dor voorgekom het. Tog, as jy mooi gekyk het en dalk net ánders gekyk het, kon jy pragtige blommetjies sien. Ons het nou wel nie die bekende plate en plate blomme gesien waarvoor die Namakwaland so bekend is nie, maar ek het (oranje) blomme gesien wat ek glad nie ken nie.

Rondom ons blyplek het ek die 30 m na die stroompie geloop, met moeite plat op die graspolletjie gaan sit en met die selfoon die vier of vyf regtig piepklein blommetjies afgeneem – pragtig! Op pad terug, op die Pakhuispas, het ons stilgehou en teruggekyk. Weer moes ek plat gaan sit en die selfoon feitlik teenaan die blommetjies hou om iets afgeneem te kry.

By Kardoesie-plaasstal op die Piekenierspas het ons die naweek die grootste plaat blomme gesien – die versameling (omtrent so groot soos drie enkel-motorhuise) by die ingang met die naambord. Langs die grasperk is ou buitebande met verskillende blommetjies.

Daar is gewoonlik blomme rondom ons – ons moet net ons oë oopmaak en bewus wees daarvan. Kyk gerus langs die land se hoofpaaie en afdraaipaaie – dis mooi!

Ontmoet die nuwe voorsitter van die NHSV

Tydens die 48ste Nasionale NHSV Kongres het Mari-Lizé Beukes die voorsitterskap by 'n baie besonderse Tessa Coetzer oorgeneem.
Ons is natuurlik almal nuuskierig om die dinamiese, pragtige en passievolle vrou beter te leer ken.
Om 'n kykie in Mari-Lizé se lewe te kon kry, was 'n heerlike verrassing.

Ek deel graag met julle 'n paar dinge omtrent haar wat julle moontlik nie geweet het nie.

Vertel ons 'n bietjie, waar en wanneer is jy gebore, en ietsie oor jou ma en pa en boeties en sussies?
Ek is die oudste van drie sussies en albei my ouers leef nog. My pa is 'n afgetrede NG predikant. Ek het grootgeword in Stellenbosch en skoolgegaan by Bloemhof Meisieskool. Matrikuleer by Hoërskool Monument in Krugersdorp en voltooi UNISA-eksamens in klavier en pyporrel. Studeer by Tukkies waar ek in my laaste jaar gekies word as een van die vier Joolprinsesse en betrokke raak by uitreikaksies vir barmhartigheidsinstansies van JOOL.

Wat het jy studeer?
BComm(IT) – hoofvakke Rekenaarprogrammering (IT) en Bestuursrekeningkunde.

Vertel vir ons van jou huidige werk en wat jy daar doen.
Ek is finansiële direkteur by 'n maatskappy in Johannesburg en doen interne oudit.

Waarmee sal jy jou bederf?
Lekker musiek en 'n goeie boek.

Oor watter kos is jy stout?
Pannekoek en souskluitjies.

Wat is die beste en "yummieste" gereg wat jy maak?
Skaapribbetjies met waterblommetjies.

Wat is die snaaksste ding wat met jou gebeur het?
Ek was in my eerstejaar op universiteit Sjampanje-nooientjie tydens die jaarlikse RAU en TUKS Intervarsity. Voor die hoofwedstryd verskyn elke universiteit se rasie-leiers, sjampanjenooientjie en rektor op die veld en word die universiteitslied gesing en 'n simboliese glasie sjampanje geklink tussen die twee universiteite. Een van die Tukkie-manne op die pawiljoen het gedink hy is snaaks en wou die rektor gooi met 'n nartjie. Hy kon nie akkuraat gooi nie en die nartjie tref toe my sjampanjeglas, wat toe natuurlik groot konsternasie veroorsaak het op die pawiljoene en die veld. Die hoofopskrif die Sondag in Rapport lui toe *Nartjie stuur Tuks-meisie van veld*, en die Universiteitskoerant *Die Perdeby* se hoofopskrif die week daarna het skertsend gesê: Opgedra aan Mari-Lizé: *My nooi is in 'n nartjie....*

Jy is 'n nuwe toevoeging tot 'n pakkie inkleurkryte. Watter kleur sou jy wou wees en hoekom?
Blou – dit simboliseer die lug en die see en die balans tussenin. Vir my beteken die kleur blou kalmte, integriteit, stabiliteit, wysheid en geloof.

Vertel vir ons waar jy en Johann mekaar ontmoet het, wanneer julle getroud is en hoeveel kinders julle het.
Ons het op Tukkies ontmoet, is getroud tydens sy diensplig-jaar toe hy Lugmagkapelaan was by die Lugmag-kollege te Voortrekkerhoogte, en ons is tans in Gemeente

Andrea, Johann, Mari-Lizé en Michael

Weltevreden in Roodepoort. Ons het twee kinders: Michael is in graad 10 en in Grey Kollege, en Andrea is in graad 7 en gaan volgende jaar Oranje Meisies toe. Albei kinders speel tennis vir hul skole; hulle is ywerige redenaars en geniet ook toneelspel.

Nou oor die NHSV. Hoe lank is jy al lid?
Ek is NG gebore en het 'n Hervormer geword – ek is sedert 1994 lid van die NHSV (ons eerste gemeente was Kriel).

Hoe lank dien jy al in die Hoofbestuur?
Vanaf 1994 dien ek in die Hoëveld se streekbestuur, en sedert 1999 dien ek in die Hoofbestuur as voorsitter van die Hoëveldstreek.

Wat is jou droom vir die nuwe termyn vir die NHSV?
Ons moet ons vrouelidmate geestelik toerus en sorg dat ons na mekaar omsien in die Kerk, want daar is ook nood binne ons Kerk. Ek hoop om meer vrouelidmate in elke gemeente aktief betrokke te sien by die dienswerk van die NHSV, in die Kerk en die gemeenskappe. Jy kan met 'n positiewe gesindheid en jou Godgegewe talente betrokke wees en mense bereik.

As daar een ding is wat jy graag na drie jaar sou wou sê die Hoofbestuur het bereik, wat sal dit wees?
Die NHSV se prioriteite is eerstens bejaardesorg landwyd, wat ook die voortbestaan van die Monumenttehuise van die NHSV insluit. Tweedens ken ons jaarliks beurse en lenings toe aan Hervormde studente in verskeie studierigtings, en derdens is ons betrokke by armoedesorg in die Kerk en gemeenskappe. Bejaardesorg raak almal van ons, hetsy jy betrokke kan wees en 'n bydrae kan lewer tot 'n bejaarde se welsyn of dalk self 'n bejaarde is en afhanklik is van Bejaardesorg vir jou versorging en behuising. Die nood onder ons bejaardes raak jaarliks al hoe groter, en ons wil as NHSV in hierdie moeilike ekonomiese klimaat vir ons bejaardes voortgesette behuising en dienste bly verskaf.

Wat of wie inspireer jou?
Ek is nie geïnspireer deur superhelde wat nooit verloor nie, want dit is nie inspirerend nie. Ek is geïnspireer deur mense wat bo hul slegte omstandighede uitgestyg het om hul drome te bereik! Hul deursettingsvermoë en intelligente besluite het gelei tot ongelooflike prestasies!

Wat maak jou opgewonde oor die NHSV, maar sommer ook oor die lewe in geheel?
As Dagbestuurslid het ek reeds die voorreg gehad om by elke NHSV-streek in die land besoek af te lê tydens streekbyeenkomste. In van die kleinste tot die grootste streek is vrouelidmate landwyd toegewyd en positief betrokke by NHSV-dienswerk in die Kerk en gemeenskappe. Hul goeie harte is oop vir barmhartigheid en hul lewenswysheid maak 'n goeie kombinasie vir hul positiewe gesindheid ten opsigte van hul medemens. Elkeen van ons doen barmhartigheidswerk op ons eie unieke wyse, en elkeen van ons bereik nog steeds mense, en dit is wat saak maak!

Wat sou die een boodskap wees wat jy aan alle NHSV-takke wou oordra om hulle te motiveer?
Die verskil wat jy in iemand se lewe gemaak het daar waar jy bly en leef en werk, bepaal en gee betekenis aan die lewe wat jy hier op aarde lei. Wanneer jy in iemand anders se skoene staan, sien jy die lewe vanuit hul perspektief en verstaan jy die mens ook beter in sy omstandighede. Moenie wag dat iemand 'n verskil in jou lewe maak nie – maak jy die verskil in iemand se lewe!

Wat is jou lewensmotto?
Die grootste prestasie in die lewe is nie om nooit foute te maak nie, maar om op te staan elke keer wanneer jy misluk het. Begin elke dag met 'n dankbare hart en besef dat ons God wat die heelal geskape het, jou as unieke mens ook geskape het!

Leef die liefde

**Daar word soveel oor die liefde
geskryf en gepraat,
maar tog leef ons in so 'n liefdelose wêreld.**

**Waarop moet ons fokus om die liefde te leef?
Hoe moet ons lewe lyk, vir mense om liefde by ons te beleef?**

Die skrywer Gary Chapman wys daarop dat daar sewe universele eienskappe aan 'n liefdevolle mens is. As jy die liefde wil leef, dan is dit die eienskappe in jou lewe waarop jy moet fokus. Ons almal wil graag as liefdevol beleef word. Ons wil graag in ander mense se lewens belê en 'n opbouende rol daarin speel. Dis as ons lief het dat die mens na vore kom soos God ons bedoel het.

Daar is sewe eienskappe waaraan ons aandag moet gee in ons lewe.

Vriendelikheid

Anders gestel: die krag van 'n glimlag. Jy ken mense wat ander raak bloot met hul vriendelikheid, hul aansteeklike glimlag. Wat onderliggend hieraan lê, is om ander mense gewoon raak te sien en hul behoeftes te erken; om iemand se waarde as mens te erken met jou glimlag.

Ons almal is vriendelik... maar gewoonlik is ons vriendelikheid baie voorwaardelik. Vir so lank as wat jy vriendelik is met my, sal ek 'n glimlag op my gesig hê, maar die oomblik as jy kwaad word, of nie meer my belange dien nie, dan stop die vriendelikheid summier. Die krag van vriendelikheid kom egter eers na vore as dit gegee word ten spyte van ander se onvriendelikheid. Een persoon het 'n slim plan gemaak om bewustelik op vriendelikheid te fokus: Soos hy sy klere aantrek, het hy hom verbeel dat hy vriendelikheid as 'n baadjie oor sy klere aantrek. Hy sê dat die "baadjie" gemaak het dat sy woorde en optrede deur die dag positief en opbouend teenoor ander was.

Die vyand van vriendelikheid is gewoon ons slegte gewoonte om nie met ander mense in die oog te leef nie. Ons kyk nie die kelner of die petroljoggie in die oë nie. Ons dek nie ons bord af as ons klaar geëet het nie. Ek stel my musiek so hard dat dit ander pla. Slegte gewoontes wat geanker is in selfgesentreerdheid maak vriendelikheid bitter moeilik. Ons behoort elke ontmoeting te sien as 'n geleentheid om vriendelik te wees.

Geduld

Van al die vrugte van die Gees is geduld vir mense die moeilikste. Geduld gaan daaroor dat ons ander mense en ons eie onvolmaaktheid aanvaar. Dit klink eenvoudig, maar ons lewe wys so min daarvan! Geduld help ons egter dat ons ander mense sien soos ons graag gesien wil word: as mense en nie masjiene nie. Geduld beteken om te sê: *Ek gee genoeg vir jou om dat ek nie kwaad gaan word nie, maar sal luister om te hoor wat werklik in jou hart en lewe aangaan.* Het jy al ooit gesien dat ongeduld regtig 'n situasie verbeter? Gaan die ry waarin jy staan vinniger as jy trippel of hard genoeg skree? Nee! Die realiteit is dat ons eerder die situasie ondraaglik maak met ons ongeduld.

Dalk is die moeilikste om met onsself geduld te hê. Die psigoanalis Erich Fromm het gesê: *Dink net wat mense sal kan bereik as hulle dieselfde geduld aan die dag lê as 'n klein kindjie wat begin om te leer loop. Hulle sal aanhou en aanhou probeer en bietjie vir bietjie beter word, totdat hulle slaag in wat hulle probeer doen.* Ons is so hard op onsself. Hoe geduldig ons met onsself en ons mislukkings is, wys iets van hoe geduldig ons met ander is.

Die vyand van geduld is natuurlik ongeduld, maar daaronder lê iets soos trots. Ek kan nie tekortkominge in myself aanvaar nie, en daarom het ek ook nie geduld met my en ander se menslikheid nie. Dink net hoe sal die lewe wees as ons elke mens hanteer soos iemand wat steeds in 'n leerproses is!

Vergifnis

Vergifnis is om vry te kom uit die greep van woede deur te streef na versoening met diegene wat ons seergemaak

het. Vergifnis beteken nie om jou seerkry te ontken nie. Dis om jou eie pyn in die gesig te staar, en dan te kies om te vergewe! Dis natuurlik nie maklik nie en dit neem nie die gevolge weg nie en vertroue word nie dadelik herstel nie.

Die rede hoekom dit so moeilik is, is die vyand van vergifnis: vrees. Ons is bang dat ons met ons vergifnis vir iemand wat ons seergemaak het, sal sê dat dit wat gebeur het aanvaarbaar was. Daar is die vrees dat ons weerloos sal word met vergifnis. Die wins van vergifnis is egter dat ons kan leef met 'n vrygemaakte hart.

Hoflikheid

Hoflikheid is die lewenshouding waar jy almal om jou soos 'n vriend behandel. Dit gaan oor meer as net goeie maniere – dit gaan daaroor om mense te behandel asof hulle waardevol is. Hoflikheid is gewoon om iemand se menswees te erken; dis 'n hart wat oop is vir die behoeftes van ander en hoe ons 'n positiewe invloed op mense kan hê. Ongeskiktheid sê egter vir mense dat jy in jou oë die belangrikste mens in die wêreld is.

Die vyand van hoflikheid is ons besige lewe. Ons is so aan die hardloop om ons dringende dinge gedoen te kry – ten koste van die belangrike dinge – en in die proses tree ons op onhoflike maniere op.

Nederigheid

Nederigheid is die gewilligheid om een tree na onder te gee sodat iemand anders hoër kan staan. In ons wêreld word nederigheid soms as teken van swakheid gesien, maar nederige mense is in werklikheid sterk genoeg om ander op te tel. Dis 'n eienskap wat jy moet aanleer namate jy volwasse word. Nederige mense is veilig in hulself en tevrede met wie en wat hulle is. Dit maak dat ander mense nie vir hulle 'n bedreiging is nie. Een ouma het die volgende by haar kleinkinders ingeprent: *Onthou: niemand is beter as jy nie en niemand is slegter as jy nie.* Daardie lewensmotto vra nederigheid en innerlike krag. Die ware fokus van nederigheid is nie my eie slegtheid nie, maar om op ander mense en hul goeie aspekte te fokus.

Die vyand van nederigheid is die pyn van ons verlede. Die seer wat ek gekry het, maak dat ek myself en my eie belange probeer beskerm. Daarom moet ek my beeld so blink moontlik poets sodat niemand my inherente swakheid sal raaksien nie.

Vrygewigheid

Dit gaan oor veel meer as net die gee van geld. Geloofwaardige liefde sien ander se nood en doen iets daaraan. Vrygewigheid is om tyd, aandag, vaardighede en middele met ander te deel, maar dit gaan ook oor geld. CS Lewis het gesê: *As jy geld wil gee, is die enigste reël: Gee meer as wat jy voel jy kan bekostig.*

Die vyand van vrygewigheid is egter ons eie agenda en ons denke dat ons self sal besluit wat ons met ons eie middele en tyd sal doen.

Eerlikheid

Hier gaan dit oor meer as net die waarheid praat; dit gaan daaroor om te openbaar wie jy regtig is; om met integriteit mens te wees. Eerlikheid beteken nie die koue harde waarheid nie, maar om in liefde en waarheid met mense besig te wees. Ons leef egter in 'n wêreld waar mense die waarheid verdraai soos dit hulle pas. Eerlikheid beteken dat ons eie swakhede erken en dat daar konsekwentheid in optrede, woorde en stemtoon sal wees.

Die vyand van eerlikheid is ons poging tot selfverdediging. Mense sal byna enigiets doen om hulself te verdedig as iets verkeerd loop – selfs al moet ons die waarheid buig. Hoe sou ons lewe anders lyk as ons innerlike en uiterlike ooreenstem; as dit ons gewoonte is om die waarheid in liefde te praat; as ons verskoning vra, eerder as om foute te verbloem?